Hoe is Jesus gekruisig?

Hoe is Jesus gekruisig? – die beskrywing daarvan in die Nuwe Testament

Hoewel die kruisiging so sentraal in die Christelike godsdiens staan, vertel die evangelies ons omtrent niks van hoe dit gedoen is nie.

Hulle stel die feit net kort en kragtig: “Toe kruisig hulle Hom” (Mark 15:24; sien ook Matt 27:35; Luk 23:33; Joh 19:18). Hier word niks gesê van die manier van kruisiging nie, byvoorbeeld of daar spykers of toue gebruik is om sy liggaam aan die kruis vas te kry, of sy arms oopgespalk is of nie, of hy eers aan ‘n dwarsbalk vasgesit is en toe teen ‘n regop paal opgehys is of so iets nie (alles dinge wat moontlik was). Die verwysings in die res van die Nuwe Testament help ook nie veel nie, want dit gee nie ekstra inligting nie (bv. Matt 20:19; 23:34; 26:2; 27:22,23,26,31,35,38; 28:5; Mk 15:13,14,15,20,24,25,27; 16:6; Luk 23:21,23,33; 24:7,20; Joh 19:6,10,15,16,18,20,23,41; Hand 2:36; 4:10; 1 Kor 1:13,23; 2:2, 8; 2 Kor 13:4; Gal 3:1 en Open 11:8). Wat ons wel weet is dat daar spykers by die proses betrokke was, maar meer nie. Maar waarop is die evangelies so stil oor hierdie onderwerp? Die kriptiese hantering van hierdie gegewens deur die evangeliste hang waarskynlik saam met die gebruik van daardie tyd om nie die grusame kruisgebeure gedetailleerd te beskryf of simbolies voor te stel nie. As ‘n mens byvoorbeeld gaan soek na beeldhouwerke of tekeninge op potskerwe uit daardie tyd wat oor kruisiging gaan, kry jy feitlik niks, wat vir ons sê dat dit nie ‘n onderwerp was waaroor mense baie spraaksaam was nie. Daar is wel tekste waarin kruisigings beskryf word, maar dit is baie skaars. (*Jan van der Watt*).

Skrywer: Prof Jan van der Watt